# Wag op die Here! 14

14. **’n Nuwe lied**

> *Ek het gesmag na die hulp van die Here. Hy het na my toe afgebuig en my hulpgeroep gehoor. Hy het my ’n nuwe lied in die mond gelê, ’n loflied vir ons God.*
> *Psalm 40:2,4*

Ware geduld is nie deel van ons selfversekerde natuur nie, maar dit is onontbeerlik in ons wag op God. Daarom is dit goed dat ons nog ’n keer hieroor nadink in die lig van die Woord. Geduld, sê die Verklarende Afrikaanse Woordeboek, is die vermoë om alle beproewings of teleurstellings lydsaam te dra. Wanneer jy op God wag, verduur jy egter nie maar net die beproewings omdat daar nie ’n ander opsie is nie; jy aanvaar dit selfs met vreugde omdat jy in God se hand is.

Deur geduld eer ons God en gee ons Hom tyd om sy pad met ons te loop. Dit is die hoogste uitdrukking van ons geloof in sy goedheid en getrouheid. Dit bring jou siel tot rus in die wete dat God voortgaan met sy werk. Geduld is die teken van ons volledige toestemming dat God met ons kan werk op ’n tyd en wyse wat Hy die beste weet. Ware geduld is om jou eie wil aan God se volmaakte wil prys te gee.

Dít is die geduld wat jy nodig het om waarlik volledig op God te wag. Dit kom natuurlik nie oornag nie. Dit ontwikkel namate jy leer om jou eie wil te skik na die lig en leiding wat God gee, sodat jy ’n instrument in sy hand kan wees, en soos Dawid kan sê (Psalm 62:2): *Net by God vind ek rus, van Hom kom my redding.*

Geduld is ’n genadegawe waarvoor God ons spesiaal toerus, sê Paulus in Kolossense 1:11: *Mag God deur sy wonderbare krag julle alle sterkte gee om in alle omstandighede geduldig te volhard.* So skep moed! God gee dit ook vir jou, namate jy op Hom wag.

Die beloning as jy geduldig op God wag, is groot. Hy tel jou op uit jou nood (Ps 40:3) en lê ’n nuwe lied in jou mond. En onthou: geduld is ’n gawe wat God gee. *Wag op die Here!*

---

# Wag op die Here! 13

13. **Wag op meer as wat jy weet**

> *En nou, wat verwag ek, my Heer? My hoop, op U is dit gevestig. Verlos my van al my oortredinge …*
> *Psalm 39:8-9a (AFR20)*

Soms weet ons nie waarvoor ons wag nie, en selfs as ons dink ons weet, is dit goed om te besef dat ons nie weet waarvoor om te vra nie. God kan vir ons oneindig meer doen as wat ons vra of dink. Ons loop die gevaar om Hom in te perk as ons ons begeertes en gebede deur ons eie gedagtes laat begrens. Daarom is dit goed om saam met die digter te sê: *En nou, wat verwag ek, my Heer?* Ek weet skaars, maar dít weet ek: *My hoop is op U gevestig.*

Dit gaan vandag nog soos dit met die Israeliete in die woestyn gegaan het. Hulle het verwag dat God water in die woestyn sal gee, want hulle het self beleef hoe Hy dit doen. Maar brood en vleis? Dit kan tog nie, het hulle gesê. Kyk gerus na Psalm 78:18-20! God kan egter meer doen as wat ons kan bid of dink. Daarom moet jy die gewoonte aankweek om op Hom te wag, nie net vir wat jy dink jy nodig het nie, maar ook vir alles wat sy genade en krag vir jou kan doen.

In elke gebed is twee harte betrokke: jou eie hart met sy klein, donker, menslike denke oor wat jy nodig het en wat God kan doen; en God se hart met sy oneindige, goddelike wil om te seën. As jy God nader, moet God se hart voorrang geniet. Deur op God te wag, leer jy om dit te doen. Bely dat jy min verstaan van wat God vir jou wil doen. Jou hart weet nie wat om te verwag nie, maar God se hart weet, en wag om te voorsien. Daarom, vestig jou hoop op Hom. Ook om jou op sy oorvloedige manier van jou oortredinge te verlos.

Leer om God te aanbid as die God wat wonders doen, ook in jou lewe. Buig voor Hom, wag op Hom totdat jy verstaan dat jy in die hande van ’n goddelike en almagtige werker is. Laat dié hoop elke verlange en elke gebed van jou dra. God sal op sy tyd sy werk doen. Los dit vir Hom, en wag net op Hom!

# Wag op die Here! 12

12. **Bly op sy weë**

*Wag op die Here en hou by sy pad, dan sal Hy jou aansien gee om grond te besit.*
*Psalm 37:34 (AAFR20)*

As jy iemand wil ontmoet, vind jy uit waar jy hom of haar kan kry, en wat sy of haar bewegings is. As jy op God wag, moet jy wag waar Hy is; jy kan nie verwag om Hom te ontmoet waar Hy nie gaan nie. *U kom elkeen tegemoet wat met vreugde doen wat reg is, wat op u paaie aan U bly dink* (Jesaja 64:5, AFR20). Jy sal God slegs op sy paaie vind, as jy Hom soek en geduldig wag.

Dié twee gaan hand aan hand: *Wag op die Here* het te make met jou aanbidding en ingesteldheid, en *hou by sy pad* gaan oor wat jy doen. As jy nie God se paaie volg nie, sal jy min seën ontvang. Om seën uit jou verhouding met Hom te ontvang, moet jy jou volledig aan sy wil onderwerp. As jy doen wat God vra, sal Hy meer doen as wat jy van Hom kan vra.

Dalk voel jy jy kan nie so volledig op sy weë bly nie. Hou dan by wat jy kan; Hy sal jou die krag gee vir die res, na die mate wat jy op Hom wag. Gee jou hele wese aan God oor, sonder reserwe en sonder twyfel; Hy sal Hom as God aan jou bewys, en Hy sal dit wat vir Hom aanneemlik is, in jou werk deur Christus Jesus. Bly op sy pad, soos jy dit uit die Woord ken. Soek jou krag in sy almag, en kry jou verlossing deur op Hom te wag.

As jy misluk, is dit omdat jy probeer het om in eie krag te oorwin en te gehoorsaam. Kom na God, buig voor Hom totdat jy geleer het dat Hy die God is wat alleen goed is. Net Hy kan die goeie bewerkstellig. In jouself is daar geen ware krag nie. Wees daarom tevrede om die werking van sy magtige genade en lewe te ontvang. Wag op God sal die vernuwing van jou kragte bring, sodat jy op sy weë kan bly en nie moeg word nie, in sy paaie kan wandel en nooit mat word nie (Jesaja 40:11).

*Wag op die Here en hou by sy pad* sal só ’n opdrag en tegelykertyd ook ’n belofte word. *Wag op die Here!*

# Wag op die Here! 11

11. **Wag geduldig**

*Wees stil in die Here, en wag geduldig op Hom … dié wat op die Here vertrou, sal die land besit..*

*Psalm 37:7–9 (NLV)*

Geduld is ’n baie belangrike deug vir ’n Christen. Nêrens word dit beter ontwikkel nie as om op God te wag. Van nature is ons ongeduldig; ons is selfs met God ongeduldig omdat Hy nie maak soos ons vra, of gou genoeg na ons sin reageer nie. As jy egter op God wag, begin jy verstaan dat Hy wys en almagtig is, en hoe gouer jy jou aan Hom onderwerp, hoe sekerder kan sy seëninge na jou toe kom.

*Dit hang dus nie af van ’n mens se wil of strewe nie, maar van God wat barmhartig is* (Romeine 9:16). Self kan jy min doen om jou geestelike lewe te verbeter of te versterk. Dit kom van God. Jou toewyding, jou lees en bid, jou gewilligheid en dade het groot waarde, maar uiteindelik kan dit jou niks verder bring nie as by die punt waar jy besef dat jy geheel van God afhanklik is, en daarom geduldig moet wag op sy goeie tyd en genade. In die wag stel jy jou tot God se beskikking. *Hulle wat geduldig op Hom wag, sal die land besit.*

*Wees stil in die Here, en wag geduldig op Hom.* Wanneer jy in die Here stil word en by Hom tot rus kom, groei jou geduld. Want in Hom kom al jou begeertes en verlangens, jou vrese en verwagtings tot rus, en dit lei na die vrede wat alle verstand te bowe gaan ( Filippense 4:7). Die rus, die stilte, die stilwees, en die geduldige wag – dit alles kry hulle krag en vreugde in God Self.

Dit is in die wag op God dat jy sy seëninge ontvang. Wees daarom stil in die Here en wag op Hom. Ja, op *Hom*. Moenie net wag op God se hulp of genade nie; jy moet Homself soek en op Hom wag. Rus in Hom, vertrou Hom volledig, en wag geduldig op Hom. Só laat jy Hom toe om koning in jou lewe te wees en sy werk in jou te doen. Jy laat God God wees. Of dit nou vir ’n spesifieke, korter tyd is, en of dit die voortdurende ingesteldheid van jou siel is: rus in die Here, geduldig, want hulle wat op Hom vertrou, sal die aarde beërwe. *Wag op die*

- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video’s en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep
  - Jaco Thom
  - My boeke
  - Privaatheidsbeleid
  - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
  - Bankbesonderhede
- Boekwinkel
- Soek


# Wag op die Here! 10

10. **Wag met ontsag en hoop**

*Kyk, die Here hou sy oog op dié wat vir Hom ontsag het, op dié wat op sy troue liefde wag …*
*Psalm 33:18*

God hou sy oog op sy mense, en hulle oë is op Hom. Wanneer jy jou oë in afwagting hemelwaarts oplig, kyk jy reg in die oë van God wat op jou gerig is. Dít is die seën wat voortspruit uit wag op die Here. Dit trek ons oë en gedagtes weg van onsself, van ons behoeftes en begeertes.

*Die Here hou sy oog op dié wat vir Hom ontsag het, op dié wat op sy troue liefde wag.* Oënskynlik is daar 'n teenstrydigheid tussen ontsag hê (vrees), en hoopvol wag. Maar in God se teenwoordigheid word dié paradoks opgehef. Hoe dieper jy in heilige ontsag nederig buig voor sy heiligheid, hoe meer sal sy heiligheid op jou rus. Ware ontsag vir God sal nooit jou hoop op Hom laat taan nie; trouens, dit sal sterker word. Hoe laer jy voor Hom buig, hoe beter verstaan jy dat jy niks het waarop jy kan hoop nie, behalwe sy genade. Hoe dieper jy voor Hom buig, hoe nader sal God kom en jou hart versterk om op Hom te hoop.

Dink 'n oomblik aan Wie dié God is: sy oog is op jou, nie om die gevaar van dood of droogte (Psalm 33:19) te voorkom nie – ons het dit dikwels nodig om ons beter op Hom te laat wag – sy oog is op jou om jou te red en aan die lewe te hou. In watter gevaar jy ook mag verkeer, kan jy dié hoop hê: God se oog is op jou. Sy oog sien die gevare, en sien sy benoude kind. Hy sien die moment wanneer jou hart gereed is vir sy seëninge, en vir die manier waarop dit na jou toe kom.

*God is vir ons 'n toevlug en 'n beskerming; Hy was nog altyd bereid om te help in nood* (Psalm 46:2). Onthou dit! Wag op Hom in jou diepste nood. Hy sal jou red, jou uitlig, jou bewaar! *Wanneer dit gebeur, sal elkeen sê: Kyk daar, dit is ons God, ons het op Hom vertrou, Hy het ons gered. Dit is die Here! Ons het op Hom vertrou. Laat ons bly wees en juig omdat Hy ons*

*gered het* (Jesaja 25:9). *Wag op die Here!*

---

- Tuisblad
- Rubrieke
    - Bybelkarakters
    - Gebede
    - Soos ek dit sien
    - Lees die Bybel saam met my
    - Kortverhale
    - Wag op die Here!
- Preke
    - Video’s en teks van my preke
    - Potgooi van die preke
- Meer oor …
    - Jaco se Bybelkoerant
    - Die Bybelkoerant-konsep
    - Jaco Thom
    - My boeke
    - Privaatheidsbeleid
    - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
    - Bankbesonderhede
- Boekwinkel
- Soek

# Wag op die Here! 9

9. **Wag met die hart**

*Wees sterk, en laat julle hart sterk wees, almal wat op die Here wag!*
*Psalm 31:25 (OAV)*

Hierdie woorde is baie dieselfde as gister s’n, en daar is ’n goeie rede waarom ek dit gekies het: om jou te laat besef dat dit met jou hart is wat jy op God moet wag. Laat julle hart sterk wees. Jou wag hang af van hoe jou hart is. Want jy kan nie dieper in God se heilige teenwoordigheid ingaan as wat jou hart deur die werk van die Heilige Gees jou toelaat nie.

Jy mag dink dis tog vanselfsprekend, maar dit is ongelukkig so dat baie Christene nie besef hoe groot die verskil is tussen die godsdiens van die verstand en die godsdiens van die hart nie. Hulle doen meer moeite met die godsdiens van die verstand, terwyl dit juis die hart is wat jou geloofslewe veerkrag gee.

Salomo se woorde in Spreuke 3:5 help ons om dit te verstaan: Vertrou op die Here met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie (OAV). Jou verstand moet die kennis uit God se Woord versamel en die voedsel vir die hart voorberei. Maar as jy op jou eie insig in die goddelike sake staatmaak, jy kan vassteek by verstandskennis. Dit is nie genoeg nie. Dit is met jou hart wat jy glo en met God in aanraking kom (Romeine 10:10). Dit is waar die Heilige Gees in jou woon en werk. Daarom is dit jou hart wat moet vertrou en liefhê en aanbid en gehoorsaam. Jou verstand kan nie die geestelike lewe in jou in stand hou nie. Jou hart moet op God wag om dit in jou te werk.

Jou verstand kan vir jou sê wat in God se Woord staan, maar dit kan nie jou siel voed met die Brood van die Lewe nie; net die hart kan dit doen deur geloof en vertroue in God. Daarom moet jy jou hart oopmaak voor God en die lewende gemeenskap met Hom opsoek. Skenk jou hart aan Hom as die wonderlike deel van die geestelike natuur waarin God Homself openbaar en waardeur jy Hom kan ken. Kweek die grootste vertroue dat God

in jou hart werk deur sy Gees. Laat jou hart by tye in algehele stilte wag sodat God in sy diep verborgenheid kan werk. Wag op die Here!

## Onlangse Bydraes


- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot


## Argief


Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X


© Bybelkoerant 2018 – 2026